The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD 2017-02-06 Page: 13

AVE: 5768.70 (ZAR)

Nóg 'n skeppie Tannie Maria

Fiksie



Tannie Maria & the Satanic Mechanic
Sally Andrew
UMUZI, R230

Sally Andrew se debuut, *Recipes for Love and Murder*, het oor taalgrense heen geslaag om lesers se harte te vermurwe. Dit was geniaal om van 'n middeljarige, goedhartige vrou die hoofkarakter te maak. Haar koerantrubrieke as *agony aunt* is soveel meer verteerbaar deur spesiale resepte vir die wat aan haar skryf uit te deel. Tannie Maria van Harten voel soos familie.

Die intense familiariteit met die ronde (en volronde) hoofkarakter het die weg gebaan vir Andrew se ondersoek na geweld teen vroue, die patriargale stelsel en die siel van die Klein-Karoo. Die skrywer het die *cosy* subgenre, vervolmaak deur Agatha Christie, oorgeplant en lewe gegee in 'n uniek Suid-Afrikaanse landskap.

By Tannie Maria se terugkeer is sy steeds geteister deur die dood van haar gewelddadige man. Haar ontluikende verhouding met die speurder Henk Kannemeyer is nog aan't ontwikkel, maar hulle sukkel albei met intimiteit. Henk verwerk self nog die dood van sy vrou. Die paartjie moet in hierdie roman kragte saamspan, teen Henk se sin, om die moordenaar van die Boesman, Slimkat, te uitoorlê.

Soos wat stelselmatig blyk uit die gemaklike verloop van gebeure word die titel se "satanic mechanic", Ricus, van Hotazel nogal, by die gebeure betrek. Ricus is die sagmoedige berader wat slagoffers van geweld bystaan. Dit sou skandelik wees om detail oor die groep wat saam met Tannie Maria berading ontvang uit te lap, maar Andrew plaas slim en subtiele leidrade vir die leser om na te spoor voor die moordenaar op sy dinges kry.

Dis immers Andrew se genre-kontrak met lesers: Die rit sal vermaaklik, selfs informatief wees; daar sal genoeg seks, kos en aksie wees; die skuldige ry altyd aan die pen. Boonop sal kos 'n uiters funksionele rol speel – as hartstaal, as toevlug, as verhewe kunsvorm.

'n Spesiale bestanddeel is dan ook deel van die sentrale ondersoek. Anders as Andrew se debuut val die klem heelwat minder op die gebeure self. Die liefdesverhouding tussen Tannie Maria en Henk neem die voortou. Daar word opmerklik baie kos gemaak en gebak, en daar word met groot vrug ondersoek ingestel na die wyses waarop gewelddadige misdade, insluitende apartheidsgruwels, ontsluit word.

Sally Andrew se skryfwerk vergelyk gunstig met die van die Skot Alexander McCall Smith, met sy hoofkarakter Mma Precious Ramotswe, en die Italianer Andrea Camilleri, met sy inspekteur Salvo Montalbano. Soos hierdie wêreldbekende speurfigure word Tannie Maria nou ook oor vyf kontinente heen gelees.

■ **Jonathan Amid** *is 'n vryskuttaalpraktisyn en doktorale student verbonde aan die Universiteit Stellenbosch.*